# SANRI STEYN

## OMNIBUS 3

3-in-1
Met 'n splinternuwe avontuur!

Theresa van Baalen

Illustrasies deur
JOHANN STRAUSS

LAPA Uitgewers
www.lapa.co.za


Sanri Steyn
Die rustelose mummie

# 1

# Interessante nuus

“Skool is so vervelig en voorspelbaar,” sug Sanri toe die klok lui. Sy tel haar tas op en begin ry toe stap. “Wanneer laas het hier iets interessants gebeur?”

Markus trek sy skouers op. “Ek kan nie onthou nie.”

Hulle gaan staan in die ry.

“Raaiselfontein is net so vervelig en voorspelbaar die laaste tyd,” sug Sanri weer. “As dit só aanhou, sal die *Raaiselfontein Gazette* seker nooit weer verskyn nie. ’n Koerant is niks werd sonder interessante nuus nie.”

Die *Raaiselfontein Gazette* is Sanri se koerant. Sy is die redakteur, die hoofjoernalis en die fotograaf. Eintlik is sy die enigste joernalis, want al het Markus haar al gehelp om inligting bymekaar te maak vir haar stories, het hy nog nooit ’n berig geskryf nie. Maar Sanri gee nie om nie. Sy hou daarvan om berigte te skryf. Sy oefen solank vir as sy groot is, want eendag gaan dit haar werk wees om ’n joernalis te wees. Haar naam sal op almal se lippe

wees … superjoernalis Sanri Steyn. Sy sal stories uitsnuffel waar ander te bang is om hulle neuse in te druk.

Die ry begin beweeg en hulle stap klas toe.

Juffrou Booysen wag by haar tafel terwyl Sanri en haar maats by hulle tafels gaan staan.

"Môre, klas," groet juffrou Booysen toe almal uiteindelik stilbly.

"Môre, Juffrou," groet die kinders.

"Dankie, julle mag maar sit."

Sanri rol haar oë. Só voorspelbaar! dink sy.

"Voor ons begin … ek het 'n verrassing vir julle." Juffrou Booysen glimlag terwyl sy dit sê.

Sanri kyk verbaas na Markus. 'n Verrassing? Uiteindelik iets wat hulle nie verwag het nie!

"Soos julle weet, is Zinzi se pa die kurator van die museum," praat juffrou Booysen verder.

Almal se koppe draai om na Zinzi te kyk. Zinzi grinnik breed.

"En die museum het pas 'n nuwe uitstalling bygekry. Die uitstalling sal van Vrydag af oop wees vir die publiek. Ons klas gaan Vrydagoggend om tienuur die museum besoek om daarna te kyk."

Juffrou Booysen bly stil toe almal gelyk begin praat.

"Uiteindelik iets waaroor ek in die *Raaiselfontein Gazette* kan skryf!" sê Sanri opgewonde. "Net jammer dis nog drie dae tot Vrydag. Ek wonder wat is

alles in die uitstalling." Sy hoop nie dis nog dieregeraamtes nie. Die museum het 'n paar interessante uitstallings, en sy hou die meeste van die outydse telefone en tikmasjiene, maar die geraamtes gee haar koue rillings.


"Stilte, asseblief," sê juffrou Booysen. Sy wag tot almal bedaar voor sy verder praat. "Zinzi, wil jy nie vir die klas 'n bietjie meer oor die nuwe uitstalling vertel nie?"

Zinzi en haar ouers woon in 'n woonstel aan die agterkant van die museum. Sanri was al een keer daar, toe Zinzi verjaar het, en sy het gedink dit is nogal grillerig dat Zinzi-hulle se blyplek aan die museum vas is. Net 'n deur skei hulle woonarea van al die uitstallings. Sanri is seker sý sal nie lekker kan slaap as sy moet weet die kamer langsaan is vol geraamtes nie.

"Dis 'n rondreisende uitstalling," sê Zinzi terwyl sy opstaan, "en dit sal net vir 'n maand in ons museum wees. Die artefakte kom uit 'n grafkelder wat 'n paar jaar gelede in Egipte ontdek is."

'n Rondreisende uitstalling uit Egipte! Dís nou interessant, dink Sanri. Dit klink nie na 'n klomp geraamtes nie, en dis beslis iets waaroor sy 'n storie sal kan skryf – dalk selfs 'n voorbladstorie! Sy moet net sorg dat sy die woord "artefakte" onthou.

"En die beste deel van die uitstalling …" Zinzi



huiwer, terwyl sy met blinkbruin oë van een klasmaat na die ander kyk. “Die beste deel van die uitstalling …” Sy kyk nou reguit vir Sanri. “… is ’n regte mummie!”

’n Paar kinders snak na hulle asem.

Sanri ril. Sy kan aan net een ding dink wat grilleriger is as ’n klomp geraamtes bymekaar, en dis ’n klomp geraamtes én ’n mummie almal bymekaar.